WAT DOEN DIE SPRAAKTERAPEUT?

Verleen hulp tov….

- **UITSPRAAK**

  Wanneer kinders sekere klanke nie korrek kan uitspreek nie, bv. [s],[r],[k], ens. Kinders moet verkieslik teen skoolgaande ouderdom alle spraakklanke reg kan sê, aangesien dit hul skoolwerk asook hulle selfbeeld kan beïnvloed.

- **HAKKEL**

  Onvlot spraak behels herhalings van klanke, dele van 'n woord, hele woorde en selfs frases. Dit kan 'n kind se selfbeeld knou en ook veroorsaak dat hy nie altyd die vrymoedigheid het om deel te neem in die klassituasie nie.

- **TAAL**

  Taal is die primêre medium waardeur leer plaasvind in alle skoolsituasies. Dink maar self, elke opdrag, brokkie inligting en selfs Wiskunde word d.m.v. taal weergegee. As die kind se begrip van taal en/of taalgebruik (bv. woordeskat, tydsvorme, syne/hare ens.) nie voldoende is nie, sal dit sy / haar skoolwerk beïnvloed,

- **GESKREWE TAAL / KLANKBOU**

  Indien 'n kind 'n taalagterstand het, sal dit na geskrewe taal oorgedra word - soos hy praat, so sal hy skryf.

  Die spraakterapeut werk ook aan aanleer van klanke, woordbou en sinsbou, aangesien dit so nou verband hou met taal.

- **OUDITIEWE PERSEPSIE / LUISTERVAARDIGHEDE**

  Ouditiewe persepsie is die vermoë om dit wat hy / sy hoor, sinvol te begryp, te onthou en te verwerk. Hierdie vaardighede is baie belangrik in alle skoolsituasies.

  Dit behels onder andere:

  - Ouditiewe geheue: Kan hy / sy inligting onthou wat hy gehoor het, bv. 'n storie, opdrag wat ma of juffrou gee, ens.
  - Ouditiewe reeksgeheue: Kan hy / sy 'n reeks inligting in 'n bepaalde volgorde onthou, bv. rympies, telefoon nommers, maande van die jaar, ens.
  - Ouditiewe analise en sintese: Kan hy / sy klanke in woorde onderskei of klanke saam voeg om woorde te vorm.
  - Ouditiewe diskriminasie: Kan hy / sy klein verskille tussen klanke of woorde herken, bv. paa – baa ; mier – muur ; ens.

INDIEN U ENIGE NAVRAE HET, KONTAK NADIA ERASMUS – 084 607 4983